

AFRIKAANS**9679/02**

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2018

INSERT

1 hour 45 minutes**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

This Insert contains the reading passages for use with the Question Paper.

You may annotate this Insert and use the blank spaces for planning.

This Insert is **not** assessed by the Examiner.

LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES

Hierdie bylae bevat die leestekste wat saam met die vraestel gebruik moet word.

Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die spasies gebruik om jou antwoorde te beplan.

Hierdie bylae word **nie** deur die eksaminator nagesien **nie**.

This document consists of **3** printed pages and **1** blank page.

AFDELING 1

Lees **Teks 1** en beantwoord dan **vrae 1, 2 en 3** in jou vraestel.

Teks 1

Tegnologie: redding of ondergang?

Hedendaagse kinders se tegnologiese wêreld verskil hemelsbreed van dié van kinders van selfs 'n dekade gelede.

Daar is wonderlike voordele aan tegnologie, maar prof. Jannie Ferreira, 'n oogkundige, waarsku dat kinders wat te veel tyd op tablette en selfone deurbring, fisiek agter kan raak en leer- en sigprobleme kan ontwikkel. “Daar is selfs kenners wat 'n algehele verbod op die gebruik van tegnologie by kinders onder twaalf bepleit omdat hulle meen dit benadeel breinontwikkeling.”

5

Ferreira glo rekenaarvaardigheid is 'n basiese vereiste, maar die uitdaging is om die gebruik verantwoordelik te bestuur. Ouers span skerms maklik as 'n geduldige babawagter in.

10

“Navorsing toon dat kinders probleme met hulle oë kan ondervind as gevolg van oormatige blootstelling aan skerms. Hierdie kinders word maklik as disleksies en aandagafleibaar geklassifiseer, terwyl dit in baie gevalle net hul frustrasie met volgehoue naby-werk weerspieël.

Dit kan meebring dat kinders sukkel om werk van die swartbord af te skryf, en ook nie duidelik en binne die lyntjies kan skryf nie. Hulle sukkel om geskrewe take betyds af te handel omdat hul vaardigheid swak is. Hulle vermy dit om te lees omdat hul oë maklik moeg word en hulle as gevolg hiervan hoofpyn kry.”

15

“Jy kan nie meer aanvaar dat kinders motoriese blootstelling kry en al hul spiere ontwikkel nie. Breinontwikkeling is afhanklik van motoriese ontwikkeling,” sê prof. Ferreira. “Daar moet 'n toegewyde fokus wees om kinders weer buite aan die speel te kry.”

20

Christina Watson, hoof-uitvoerende beamppte van 'n uitgewer van digitale materiaal vir skole, meen egter dat digitale onderwys die toekoms is. “Daar is baie voordele aan digitale materiaal. Die rakleef tyd van inhoud verander heeltyd, want die leerplan word gedurig opgedateer. Dit is onmoontlik om gedrukte handboeke aan te pas of op te gradeer sonder om dit te vervang, maar dit kan maklik en met minimale koste digitaal gedoen word.”

25

“Ons ervaar dit ook as 'n pluspunt dat kinders toetse op die tablet eerder as 'n speletjie sien wat hulle stimuleer en motiveer om te presteer. Ons het 'n projek by 'n skool gedoen waar kinders 'n toets moes doen om hul vaardigheid in wiskunde te bepaal en waar hulle soos met 'n rekenarspeletjie 'n resultaat aan die einde kry. Hulle was so gretig om hul resultaat te verbeter dat hulle die toets oor en oor wou doen. Dit sien jy nie gewoonlik binne 'n tradisionele klassituasie nie.”

30

AFDELING 2

Lees **Teks 2** en beantwoord dan **vrae 4** en **5** in jou vraestel.

Teks 2**Ja, vir selfone!**

Die meeste onnies verpes dit as kinders selfone in die klaskamer gebruik, maar nie ek nie! Hedendaagse leerders lewe in 'n ander wêreld as dié van 10 jaar gelede. Tegnologie soos selfone en rekenaars speel 'n baie belangrike rol hierin.

Een van die grootste euwels in die klaskamer is selfone! Nè? Onderwysers kla gedurig oor:

- leerders wat ure op selfone spandeer en nie by hul huiswerk uitkom nie
- kuber-afknouery
- ongewenste materiaal wat vinnig deur leerders versprei word.

5

Daar is ook 'n baie positiewe manier om na selfone te kyk. Ons as onderwysers moet aanpas by veranderende tye en selfone tot leerders se voordeel aanwend. Wanneer ek 'n gedig of kortverhaal behandel, kry die leerders die geleentheid om op hul selfoon te google en inligting te kry. En geniet hulle dit nie!

10

Ek het onlangs weer gesien hoe selfone tot leerders se voordeel ingespan kan word. 'n Seun wat nie juis akademies gemotiveerd is nie, het aandagtig na riglyne geluister, sy foon uitgehaal en begin navors. Hy het vinnig soveel inligting gekry dat hy sommer dadelik aan sy praatjie begin skryf het. Hoekom moet ons dit wat die leerders so geniet voor die voet met rigiede reëls verbied en 'n bron van konflik maak?

15

Toe ek die eerste keer vir hulle gesê het om hul fone uit te haal en in die klas te gebruik, is ek deur verbaasde gesigte aangestaar. Maar toe het hulle ywerig aan die werk gespring en dit baie geniet. Natuurlik was daar hier en daar 'n kansvatter wat op die foon gesels het en nie gewerk het nie, maar selfs hulle het later die nut van selfone vir navorsingsdoeleindes ingesien.

20

Baie onderwysers kan van my verskil, maar dié hantering van selfone het klasgee vir my baie makliker gemaak. Die leerders sit nie skelm en klets terwyl ek besig is nie. As 'n foon in klastyd lui, sal ek rustig vra dat dit afgeskakel en gebêre word, en die leerder sal dadelik om verskoning vra. Die leerders vra my soms: "Juffrou, kan ek asseblief gou buite die klas met my ma reël hoe laat sy my moet kom oplaai?" So werk wedersydse respek.

25

BLANK PAGE

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cie.org.uk after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.